Rente is die fooi wat 'n uitlener vir 'n lener vra om die geleende geld te gebruik, en dit word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleend word – dit word ook die rentekoers genoem.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) is die belasting wat op alle goedere en dienste in Suid-Afrika betaal moet word. Die huidige BTW-koers is 14%. Sommige noodsaklike voedselitems word hiervan vrygestel – dit beteken dat dit 'n 0% BTW-koers het.

'n **Wisselkoers** is die huidige markprys waarteen een geldeenheid vir 'n ander geruil kan word.

Kwartaal 1

1. Los die volgende finansiële probleme op:

- Kabelo ontvang R120 sakgeld per week. Hy gaan twee keer kegelbal speel (wat R20,00 per sessie kos, BTW uitgesluit). Hy drink koffie vir R5,00 en koop R30,00 se lugtyd – BTW in albei gevalle uitgesluit. Hoeveel sakgeld kan hy na die volgende week oordra?

xxx

- b. Jy het verlede maand die volgende uitgawes gehad: Fliek R60,00; huurmotor R90,00; roomys R5,75; nuwe hemp R65,00; skenking aan liefdadigheid R50,00; skryfbehoeftes R45,00; herstelwerk aan jou fiets R150,00. Jy ontvang R400 sakgeld per maand vir die takies wat jy in en om die huis verrig. Tot op hede het jy R375,00 gespaar. Voltooи die begrotingsvorm om uit te vind of jy enigets kan spaar en of jy van jou spaargeld sal moet gebruik om jou uitgawes te betaal.

| | Begroting | Werklike bedrag | Verskil |
|--------------------------|-----------|-----------------|---------|
| Inkomste Sakgeld | R400 | R400 | |
| Uitgawes | | | |
| Huurmotor | | | |
| Fliek | | | |
| Lekkergoed | | | |
| Klere | | | |
| Skenkings | | | |
| Spaargeld | | | |
| Skryfbehoeftes | | | |
| Geraamde totale uitgawes | | | |
| Netto inkomste | | | |



vervolg ↗

xxxi

R10b

Finansiële wiskunde vervolg

- c. 'n Totaal van R36 000 is in twee rekenings belê. Een rekening het 7% rente per jaar en die ander een 9% per jaar verdien. Die totale jaarlikse rente wat verdien is, was R2 920. Hoeveel is in elke rekening belê?

Kwartaal 1

- d. Dawid koop 'n nuwe motor op huurkoop. Die motor kos R75 000 (BTW uitgesluit) en hy ruil sy ou motor (wat ten volle afbetaal is) vir R9 500 in. Die motorregistrasie, dokumentasie en lisensiegelde was R2 000. Wat is sy paaiement as hy rente betaal teen 7% p.j., enkelvoudig saamgestel, en dit oor 'n tydperk van 54 maande terugbetaal?

- e. Lindie het €45. Sy wil graag 'n denimbroek vir CAD \$15 en 'n T-hemp vir CAD \$10 koop. Hoeveel geld in ZAR sal sy oorhê nadat sy alles gekoop het?

Gebruik die wisselkoerse in die tabel hierna om jou te help om die woordsomme op te los. Wys jou bewerkings in die ruimte wat daarvoor voorsien is.


| | ZAR (R) | USD (\$) | GBP (£) | CAD (\$) | EUR (€) | AUD (\$) |
|----------|---------|----------|---------|----------|---------|----------|
| ZAR | 1,00 | 6,76 | 11,06 | 6,89 | 9,88 | 7,17 |
| USD (\$) | 0,15 | 1,00 | 1,60 | 0,92 | 1,46 | 0,87 |
| GBP (£) | 0,09 | 1,09 | 1,00 | 0,58 | 0,91 | 0,55 |
| CAD (\$) | 0,15 | 1,09 | 1,74 | 1,00 | 1,59 | 0,95 |
| EUR (€) | 0,10 | 0,69 | 1,10 | 0,63 | 1,00 | 0,60 |
| AUD (\$) | 0,14 | 1,15 | 1,83 | 1,05 | 1,67 | 1,00 |

Voorbeeld: 1 ZAR (R) = 0,15 USD (\$)

1 USD (\$) = 6,76 ZAR (R)

Probleemoplossing


Maak aantekeninge van die belangrike finansiële wenke wat jy geleer het en vertel 'n familielid daarvan.



R11a

Meetkundige figure

Simbole wat jy moet hersien of leer:

| | | | | | |
|---|---|--|---|--|--|
| Driehoek  | Hoek  | Loodreg  | Parallel  | Grade ° 0 | Regte hoeke  |
| Lynsegment  | Lyn  | Radius (straal)  | Kongruent  | Gelykvormig  | Dus  |

Meetkundige figure om te onthou:

| Meetkundige figure | | |
|-------------------------------|---------------|---------------------------|
| Driehoek | Vierhoek | Nog poligone |
| Gelyksydige driehoek | Parallelogram | Pentagoon (vyfhoek) |
| Gelykbenige driehoek | Reghoek | Heksagoon (seshoek) |
| Ongelyksydig driehoek | Vierkant | Heptagoon (sewehoek) |
| | Ruit | Oktagoon (agthoek) |
| | Tрапециум | Nonagoon (negehoek) |
| | Vlieër | Dekagoon (tienhoek), ens. |
| Bogenoemde is alles poligone. | | |

Hoeke om te onthou:

Skerphoek: 'n hoek wat kleiner as 90° is.

Regte hoek: 'n hoek wat 90° is.

Stomphoek: 'n hoek wat groter as 90° maar kleiner as 180° is.

Gestrekte hoek: 'n hoek wat presies 180° is.

Inspringende hoek: 'n hoek wat groter as 180° is.



'n Poligoon is 'n meetkundige figuur met drie of meer reguit sye.

Gelykvormige en kongruente driehoekte

Gelykvormige driehoekte het dieselfde vorm, maar is nie ewe groot nie. Elke paar ooreenstemmende hoeke is gelyk, en die verhouding van enige paar ooreenstemmende sye is dieselfde.

Kongruente driehoekte is driehoekte wat ewe groot is en dieselfde vorm het. Dit beteken dat die ooreenstemmende sye gelyk is en dat die ooreenstemmende hoeke ook gelyk is.



Hoe sou jy die totale som van die binnehoeke van 'n poligoon bereken?

1. Konstueer die volgende met behulp van geskikte instrumente en beantwoord die vrae:

a. 'n Hoek kleiner as 90° .

b. 'n Poligoon met meer as vier sye.

c. 'n driehoek.

i. Benoem die hoek.

i. Bereken die binnehoeke van die poligoon.

i. Teken 'n driehoek wat kongruent is aan die driehoek hierbo. Benoem die driehoek.

ii. Konstueer nog'n hoek sodat die hoek en dié hoek hierbo saam 90° is. Wat noem ons so 'n hoek paar?

ii. Waar kan ons so 'n vorm in ons alledaagse lewe kry?


ii. Teken 'n driehoek wat gelykvormig is aan een van die driehoeke hierbo. Benoem die driehoek.



vervolg ➔

xxxv

2. Beskryf die konstruksies deur die woorde hierna te gebruik:



Parallelle lyne

Snylyn

Regoorstaande hoeke:

$$a = d; b = c;$$

$$e = h; f = g$$

Ooreenstemmende hoeke:

$$a = e; b = f;$$

$$c = g; d = h$$

Verwisselende binnehoeke

$$c = f; d = e$$

Verwisselende buitehoeke

$$a = h; b = g$$

Opeenvolgende binnehoeke

$$c + e = 180^\circ$$

$$d + f = 180^\circ$$

(ook benoem ko-binnehoeke)

a.



b.

'n **Diagonaal** (hoeklyn) is 'n reguitlyn binne 'n vorm wat een hoekpunt met 'n ander verbind, maar is nie 'n kant van daardie vorm nie.



Handwriting practice area with ten sets of horizontal dashed lines for letter formation.





3. Kan jy enige diagonale identifiseer? As jy nie kan nie, trek dan 'n paar daarvan.

Probleemoplossing


In watter pos, buiten dié van ingenieur, is dit nodig dat mense hoeke moet bereken? Gee 'n voorbeeld van so 'n posbekleér en sê hoekom die persoon hoeke bereken.



Beskryf hierdie transformasies:



1. Beantwoord die volgende vrae:



a. A, B en C se koördinate is:

| | | |
|--|--|--|
| | | |
|--|--|--|

b. A^l, B^l en C^l koördinate is:

| | | |
|--|--|--|
| | | |
|--|--|--|


c. Die translasievektor is

| |
|------------|
| (x - 13, y |
|------------|

d. Verduidelik die translasievektor in woorde.

| |
|--|
| |
|--|

2. Beantwoord die volgende vrae:



a. A, B en C se koördinate is:


b. A¹, B¹ en C¹ se koördinate is:

c. ABC word oor die gereflekteer.

d. Watter koördinate bly dieselfde?

e. Watter koördinate verskil?

3. Beantwoord die volgende vrae:




a. A, B en C se koördinate is:

b. A¹, B¹ en C¹ se koördinate is:

c. Vergelyk die ooreenstemmende hoekpunte.

4. Beantwoord die volgende vrae:



a. $A'B' = \boxed{} \times AB$

b. $B'C' = \boxed{} \times BC$

c. $A'C' = \boxed{} \times AC$

d. Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergrooting** met **skaalfaktor** = is.

Probleemoplossing

Ontwerp 'n huis op grafiekpapier (bo-aansig).

Vergroot jou plan met 'n skaalfaktor van 2.

Reflekteer die huis, roteer dit met 90 grade en transleer dit met 2 ene links en met 3 ene af.



R13

Meetkundige objekte

Wat het al hierdie meetkundige objekte in gemeen?

kubus



twintigvlak



twaalfvlak




agtvlak





viervlak

**Wat noem ons hierdie groep meetkundige objekte?**

1. Skryf die naam van die geometriese voorwerp neer wat elkeen van die nette sal vorm.
Hoeveel kante, hoekpunte en aansigte het elkeen? Voltooi die tabel hieronder.



twaalfvlak

**Beskryf elkeen.**

e.
30 kante
20 hoekpunte
12 vlakke

f.

g.

h.

2. Voltooi die volgende:

a. As die sye van 'n meetkundige figuur ewe lank is en die binnehoeke is ewe groot, dan is die meetkundige figuur _____.

As dit nie gelyk is nie, is dit _____.

b. Wat sien jy raak as jy na die vlakke van 'n platoniese vaste liggaam kyk?


c. Wat noem ons meetkundige vaste liggame as al die vlakke kongruent is?

d. Noem drie meetkundige vaste liggame wat onreëlmatig is.

3. Konstrueer die net vir 'n viervlak. Ons voorsien die eerste twee stappe.


Stap 1:

Trek 'n gelyksydige driehoek. Noem die sye ABC.





Stap 2:


Trek nog 'n gelyksydige driehoek, met een basis wat met basis AB van die eerste driehoek verbind is.




4. Beskryf die verskillende aansigte van die gebou met behulp van die volgende sketse.




a. _____



b. _____



c. _____



d. _____


5. Trek 'n kubus deur 'n 30° skuins projeksie te gebruik.

Stap 1: Trek 'n vierkant.



Stap 2

Trek 'n 30° -lyn vanaf die regterkantse onderste hoekpunt.



Stap 3

Trek die res van die kubus.



Onthou dat die lyne, wat in die reële driedimensionele objek parallel is, in die skets parallel bly.



Probleemoplossing

Gebruik herwinde materiaal en maak skelette (buitelyne) van al die platoniese vaste liggeme.



R14

Omtrek en oppervlakte

Hersien die formules:

| | |
|--|---|
| Omtrek van 'n reghoek $2l + 2b$ Oppervlakte van 'n reghoek: $l \times b$ | Omtrek van 'n sirkel $C = \pi d$ of $2\pi r$ Oppervlakte van 'n sirkel $A = \pi r^2$ |
| Omtrek van 'n vierkant: $4l$ Oppervlakte van 'n vierkant: $l \times l$ | |

Die oppervlakte van 'n driehoek is:
 $\frac{1}{2} b \times h$

Beskou hierdie omsettings:

| |
|---|
| $1\text{ cm} = 10\text{ mm}$ $1\text{ cm}^2 = (1\text{ cm} \times 1\text{ cm}) = 100\text{ mm}^2 = (10\text{ mm} \times 10\text{ mm})$ |
| $1\text{ m} = 1000\text{ mm}$ $1\text{ m}^2 = (1\text{ m} \times 1\text{ m}) = 1000000\text{ mm}^2 = (1000\text{ mm} \times 1000\text{ mm})$ |
| $1\text{ km} = 1000\text{ m}$ $1\text{ km}^2 = (1\text{ km} \times 1\text{ km}) = 1000000\text{ m}^2 = (1000\text{ m} \times 1000\text{ m})$ |

1. Bereken die omtrek en oppervlakte van 'n vierkant. Skryf jou antwoord in mm.**Voorbeeld: sy 4,5 cm**

Omtrek
 $P = 4 \times l$
 $= 4(4,5\text{ cm})$
 $= 18\text{ cm}$

Oppervlakte
 $A = l^2$
 $= 4,5\text{ cm} \times 4,5\text{ cm}$
 $= 20,25\text{ cm}^2$

Skryf jou antwoord in mm.

$$\begin{aligned} &= 4(45\text{ mm}) \\ &= 180\text{ mm} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} &= 45\text{ mm} \times 45\text{ mm} \\ &= 2025\text{ mm}^2 \end{aligned}$$

As die oppervlakte 2025 mm^2 is, wat sal die antwoord in cm^2 wees?

$$\begin{aligned} 1\text{ cm} &= 10\text{ mm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 1\text{ cm} \times 1\text{ cm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 10\text{ mm} \times 10\text{ mm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 100\text{ mm}^2 \end{aligned}$$

$$\therefore \left(\frac{2025\text{ mm}^2}{100} \right) \text{cm}^2$$

$$= 20,25\text{ cm}^2$$

Sy 3,5 cm**2. Bereken die oppervlakte en omtrek van 'n reghoek. Skryf jou antwoord in mm.****Voorbeeld: lengte 3,8 cm, breedte 2,1 cm**

Omtrek
 $P = 2(l + b)$
 $= 2(3,8\text{ cm} + 2,1\text{ cm})$
 $= 2(5,9\text{ cm})$
 $= 11,8\text{ cm}$

Oppervlakte
 $A = l \times b$
 $= 3,8\text{ cm} \times 2,1\text{ cm}$
 $= 7,98\text{ cm}^2$

Lengte 9,3 cm en breedte 7,2 cm**Skryf jou antwoord in mm^2 en m^2 .**


$$\begin{aligned} \text{mm}^2 \\ 7,98\text{ cm}^2 \\ = 7,98 \times 100\text{ mm}^2 \\ = 798\text{ mm}^2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} 1\text{ cm} &= 10\text{ mm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 1\text{ cm} \times 1\text{ cm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 10\text{ mm} \times 10\text{ mm} \\ 1\text{ cm}^2 &= 100\text{ mm}^2 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{m}^2 \\ = \frac{7,98\text{ cm}^2}{10000} \\ = 0,000798\text{ m}^2 \end{aligned}$$

3. Bereken die oppervlakte van 'n driehoek. Skryf jou antwoord in mm.

Voorbeeld:



Oppervlakte

$$A = \frac{1}{2} b \times h$$

$$\frac{1}{2} (5 \text{ cm}) \times 2,3 \text{ cm}$$

$$= 2,5 \text{ cm} \times 2,3 \text{ cm}$$

$$= 5,75 \text{ cm}^2$$

Skryf jou antwoord in

mm²

5,75 cm²

(5,75 cm² × 100) mm²

= 575 mm²

Basis = 8 cm Hoogte = 2,6 cm

$$\text{Skryf jou antwoord in m}^2$$

$$\left(\frac{5,75 \text{ cm}^2}{10000} \right) \text{m}^2$$

$$= 0,000575 \text{ m}^2$$

4. Bereken die oppervlakte van die sirkels.

Voorbeeld: Radius is 3 cm.

$$A = \pi r^2$$

$$= (3,14159) (3\text{cm})^2$$

$$= 28,27 \text{ cm}^2$$

a Die radius van die sirkels is 4 cm.

b. Die radius van die sirkels is 2,5 cm.



Probleemoplossing

As die oppervlakte van die sirkel 314,159 cm² is, wat is die radius?

R15a

Volume en buite-oppervlakte

Hersien die volgende formules:


Die volume van 'n kubus
 $V = l^3$



Die volume van 'n reghoekige prisma
 $V = l \times b \times h$



Die volume van 'n driehoekige prisma
 $V = \frac{1}{2} (b \times h) \times l$



Buite-oppervlakte van 'n prisma



$A =$ die som van die oppervlakte van al die vlakke

Hersien die volgende:

- As $1\text{ cm} = 10\text{ mm}$ dan is $1\text{ cm}^3 = 1000\text{ mm}^3$.
- As $1\text{ m} = 100\text{ cm}$ dan is $1\text{ m}^3 = 1\ 000\ 000\text{ cm}^3$ of 10^6 cm^3 .
- 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal presies 1 ml water verplaas.
- 'n Objek met 'n volume van 1 m^3 sal presies 1 kl water verplaas.

1. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n kubus.

Voorbeeld:

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--|--|--|
|  $V = l^3$ $V = (4\text{ cm})^3$ $V = 64\text{ cm}^3$ | <p>Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1 ml water verplaas.</p> <p>'n Objek wat 64 cm^3 is, sal dus 64 ml water of $0,064\ell$ verplaas.</p> | <p>Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlake) is daar?</p>  |

| Kubieke mm | Kubieke cm | Kubieke m | Liter |
|---------------|------------|-----------|-------|
| 1 000 000 000 | 1 000 000 | 1 | 1 000 |
| 1 000 000 | 1 000 | 0,001 | 1 |
| 1 000 | 1 | 0,000001 | 0,001 |



Buite-oppervlakte = som van die oppervlaktes van al die vlakke.
 $= 6$ (oppervlakte van 'n vlak)
 $= 6a^2$
 $= 6(4\text{ cm})^2$
 $= 6 \times 16\text{ cm}^2$
 $= 96\text{ cm}^2$

Die kant van die kubus is 2,5 cm lank.

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--------|------------|-------------------|
| | | |

2. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n reghoekige prisma.

Voorbeeld:

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--|---|---|
|  $v = l \times b \times h$ $v = 4 \text{ cm} \times 1,5 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}$ $v = 12 \text{ cm}^3$ | Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1 ml water verplaas. ∴ 'n Objek wat 12 cm^3 is sal dus 12 ml water verplaas. | Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlake) is daar?  Buite-oppervlakte $A = 2lb + 2lh + 2bh$ $= 2(4 \text{ cm} \times 1,5 \text{ cm}) + 2(4 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}) + 2(1,5 \text{ cm} \times 2 \text{ cm})$ $= 12 \text{ cm}^2 + 16 \text{ cm}^2 + 6 \text{ cm}^2$ $= 34 \text{ cm}^2$ |



vervolg ↗

xlv

R15b

Volume en buite-oppervlakte vervolg


Die reghoek se dimensies is: lengte = 4,5 cm; breedte = 3,5 cm en hoogte 4 cm.

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--------|------------|-------------------|
| | | |

3. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n driehoekige prisma.

Kwartaal 1

Voorbeeld:

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--|--|---|
|  $V = \frac{1}{2} b \times h \times l$ $V = \frac{1}{2}(5 \text{ cm}) \times 3 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}$ $V = 2,5 \text{ cm} \times 3 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}$ $V = 15 \text{ cm}^3$ | <p>Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1ml water verplaas. \therefore 'n Objek wat 15 cm^3 is, sal 15 ml water verplaas</p> | <p>Net van die driehoekige prisma. Hoeveel vlakke (oppervlake) is daar?</p> <p>Gebruik Pythagoras om dit te bereken.</p>  <p>Buite-oppervlakte</p> $A = 2(\text{oppervlakte van driehoek}) + \text{oppervlakte van 3 reghoede}$ $= 2\left(\frac{1}{2}(5 \text{ cm}) \times 3 \text{ cm}\right) + 2(3,9 \text{ cm} \times 2 \text{ cm}) + 1(5 \text{ cm} \times 2 \text{ cm})$ $= 15 \text{ cm}^2 + 15,6 \text{ cm}^2 + 10 \text{ cm}^2$ $= 40,6 \text{ cm}^2$ |

Die reghoekige prisma se dimensies is: basis van driehoek 4 cm, hoogte van driehoek 2,5 cm, lengte van prisma 5 cm en die ander twee sye van die driehoek 3,2 cm elk.

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|--------|------------|-------------------|
| | | |

Probleemoplossing

- As die volume van 'n kubus $10\ 648\ \text{cm}^3$ is, wat is die dimensies daarvan in mm en m?
- Gee alledaagse voorbeeld van waar ons die volume, kapasiteit en die buite-oppervlakte van die volgende kan gebruik:
 - kubusse,
 - reghoekige prismas, en
 - driehoekige prismas



Hersien: Kyk na die datahanteringsiklus en beskryf dit.



Hipotese: Graad 9-meisies doen beter in wiskunde en wetenskap as graad 9-seuns?

'n **Hipotese** is 'n stelling of voorspelling waarvoor grondige bewyse dat dit waar is, nou gevind moet word.

Hier volg 'n paar voorbeeld van hipoteses:

- By my skool het almal in graad 9 'n selffoon.
- Alle graad 9-leerders hou van gemorskos.

1. Stel jou navorsingspan saam.

Die name van jou navorsingspan:



2. Wat is die doel van jou navorsing?

3. Wat is jou hipotese?

| | |
|----------------|-----------|
| Primêre data | Populasie |
| Sekondêre data | Opname |
| Steekproef | Vraelys |

4. Vrae wat jou kan help om te beplan:

a. Watter data het jy nodig?

b. By wie kan jy dit kry?

c. Hoe gaan jy dit insamel?

d. Hoe gaan jy dit aanteken?

e. Hoe gaan jy seker maak die data is betroubaar?

f. Hoekom? Gee redes vir die keuse wat jy uitgeoefen het.



R16b

Data vervolg

7. Gebruik die data wat jy ingesamel en aangeteken het om die volgende te doen:

a. Organiseer jou data in 'n frekwensietabel.

b. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.

c. Bereken die omvang van die data.

d. Maak 'n blaar-en-stingel-voorstelling.


e. Stel jou data in 'n grafiek voor. Jy kan meer as een tipe grafiek daarvoor gebruik.

Probleemoplossing

Interpreteer jou grafieke en tabelle en skryf 'n verslag deur die volgende opskrifte te gebruik:

1. Doel
2. Hipotese
3. Plan
4. Data-insameling
5. Ontleding
6. Gevolgtrekkings
7. Bylaes
8. Verwysings





Notas

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15



Graad

9

w i s k u n d e

DEEL


2

WERKBLAAIE

1 tot 64

AFRIKAANS
Boek


1



Reële getalle, rasionale getalle en irrasionale getalle

Diagrammatiese voorstelling van die reële getallestelsel.

Kwartaal 1



$$\mathbb{N} \subset \mathbb{Z} \subset \mathbb{Q} \subset A_R \subset \mathbb{R}$$

(\subset = deelversameling van)

1. Bestudeer hierdie definisies:

Natuurlike getal (N vir natuurlik)

Natuurlike getalle is die telgetalle $\{1, 2, 3, \dots\}$, (N_1) die positiewe heelgetalle van die telgetalle $\{0, 1, 2, 3, \dots\}$ (N_0). Wiskundiges gebruik die term "natuurlik" in albei gevalle.

Heelgetal (Z vir Zahlen = "getalle" in Duits)

Heelgetalle is die natuurlike getalle of telgetalle en die negatiewe getalle daarvan nagatives ($\dots -3, -2, -1, 0, 1, 2, 3, \dots$).

Rasionale getal (Q vir quotient – kwosiënt)

Rasionale getalle is getalle wat uitgedruk kan word as 'n breuk van 'n heelgetal (dit wil sê as 'n verhouding van 'n heelgetal). Rasionale getalle kan opgetel, afgetrek, vermenigvuldig en gedeel word, byvoorbeeld $\frac{1}{2} = 0.5$ of $\frac{1}{3} = 0.333\dots$ Rasionale desimale ontwikkelings eindig of repeteer.

Reël-algebraïese getal (A_r vir Algebraïes_{Reël})

'n Reël-algebraïese getal word gedefinieer as 'n getal wat die wortel van 'n polinoom met rasionale koëffisiënte is. Reël-algebraïese getalle kan rasionaal of irrasionaal wees. Die getal $\sqrt{2} = 1.41421\dots$ is 'n reël-algebraïese getal wat irrasionaal is.

Reële getal (R vir reël)

Reële getalle is al die getalle (al die punte) op die kontinue, oneindige lang getallelyn met geen gapings nie. Dit is 'n versameling van elke moontlike oneindige ontwikkeling. Reële getalle kan **rasionaal** of irrasionaal wees asook algebraïes of nie-algebraïes (**transendentaaal**). Die getalle $\pi = 3.14159\dots$ en $e = 2.71828\dots$ is transendentaaal. 'n Transendentale getal kan nooit as 'n presiese breuk van 'n heelgetal geskryf word nie; dit word deur 'n oneindige reeks van **termyne** gedefinieer.

Irrasjonale getalle

Hierdie getalle kan nie as breuke van heelgetalle geskryf word nie. Irrasjonale desimale ontwikkelings eindig of repeteer glad nie.

Transendentale getalle

Dit is irrationale getalle wat nie deur 'n rekenkundige bewerking teruggekonstitueer kan word as 'n heelgetal nie.



vervolg ↗



Reële getalle, rasionele getalle en irrasionele getalle vervolg

2. Pas hierdie beskrywings by die regte getallelyn. Begin by "Heelgetal, Z".

'n Getal wat uitgedruk kan word as 'n breuk van 'n heelgetal

Al die getalle


Natuurlike getalle en hul negatiewe

Rasionele of irrasionele getalle


Natuurlike, N




Heelgetal, Z




Rasionele, Q



Reël-algebraïese, A_R



Reële, R



3. Wat beteken die intervalle tussen die heelgetalle op die getallelyne op die vorige bladsy?

i. Rasionale

ii. Reël-algebraïese

iii. Reële

4. Voltooi die tabel, soos in voorbeeld a.

| | | Telgetal | Natuurlike getal | Heelgetal | Rasionale getal | Irrasjonale getal | Reële getal |
|---|-----------------|----------|------------------|-----------|-----------------|-------------------|-------------|
| a | 200 | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | | ✓ |
| b | -29 | | | | | | |
| c | 0 | | | | | | |
| d | 1 | | | | | | |
| e | $\frac{12}{50}$ | | | | | | |
| f | 0,987 | | | | | | |
| g | $\sqrt{81}$ | | | | | | |
| h | $\sqrt{5}$ | | | | | | |
| i | π | | | | | | |
| j | 124,54 | | | | | | |
| k | $\frac{22}{7}$ | | | | | | |
| l | $\sqrt{25 + 9}$ | | | | | | |

Probleemoplossing



Die getal **e** (Euler se getal) is 'n beroemde irrationale getal. Hoekom?





Faktorisering

Bestudeer hierdie faktoriseringsteknike.

Metode 1:

Trapleermetode.

$$\begin{array}{r|l} 12 & 2 \\ 6 & 2 \\ 3 & 3 \\ 1 & \end{array}$$

In hierdie voorbeeld is elke faktor 'n priemgetal.

Ons kan dit skryf as:

$$2 \times 2 \times 3 = 12$$

Of

$$2^2 \times 3 = 12$$

Metode 2:

Wat is die priemfaktore van 12?
Breek 12 op in 4×3 .


Die priemfaktore van 4 is 2 en 2.
Die priemfaktor van 3 is 3.

Die priemfaktore van 12 is dus 2, 2 en 3.

Ons kan dit skryf as $2 \times 2 \times 3 = 12$ of

$$2^2 \times 3 = 12$$

Metode 3:



Onthou, dit is belangrik om jou deelbaarheid reëls te ken wanneer jy met priem-getalle werk.



1. a. Faktoriseer 15

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

b. Faktoriseer 72

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

Voordat jy aangaan met vraag c. tot d., moet jy sê van watter metode jy die meeste hou en hoekom.

c. Faktoriseer 95

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

d. Faktoriseer 100

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

2. Priemfaktorisering word gebruik om te bepaal watter priemgetalle saam vermenigvuldig kan word om by die oorspronklike getal uit te kom. As jy priemfaktorisering ken, sal dit jou later baie in wiskunde help. Hoekom? Lees die strokiesprent. Elke keer as 'n karakter sê, "kom ek probeer", moet jy dit self probeer doen.

| | |
|--|---|
| <p>a. Die belangrikheid van priemgetalle is dat enige heelgetal in 'n produk van priemgetalle ontbind kan word.</p>   <p>Gee 'n voorbeeld hiervan.</p> | <p>b. Jy wil moontlik weet hoe baie verskillende getallepare vermenigvuldig kan word om 360 te kry. Jy kan begin deur dit neer te skryf.</p>   <p>Kom ek probeer.</p> |
| <p>c. Ek hoop jy het niks oorgeslaan nie. Skryf nou 360 as 'n produk van priemfaktore.</p>   <p>Kom ek probeer.</p> | <p>d. Jy sal sien dat elke saamgestelde faktor van 360 'n produk van 'n deelversameling van die priemfaktore is.</p>   <p>Kom ek probeer.</p> |

Probleemoplossing

Priemgetalle is getalle wat net deur een en hulself gedeel kan word. Demonstreer dit deur al die getalle tussen 100 en 200 te gebruik.



Teken:

Datum:



Verhouding, eweredigheid en spoed

Probleme oor die afstand wat binne 'n bepaalde tyd afgelê word, kan opgelos word deur formules te gebruik.

Om afstand te bepaal:

$$\text{Afstand} = \text{Spoed} \times \text{Tyd}$$

$$d = s \times t$$

Om tyd te bepaal:

$$\text{Tyd} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Spoed}}$$

$$t = \frac{d}{s}$$

Om spoed (koers) te bepaal:

$$\text{Spoed} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Tyd}}$$

$$s = \frac{d}{t}$$

Wanneer ons probleme met behulp van hierdie formules oplos, gebruik ons verhouding en eweredigheid.

'n Verhouding is 'n manier om die groottes van twee of meer hoeveelhede te vergelyk. Dus is 4:7 en 8:14 verhoudings.

'n Eweredigheid is 'n stelling dat twee verhoudings gelyk is. Dus is 4:7 eweredig aan 8:14 (wat beteken dat 4 tot 7 is wat 8 tot 14 is).

'n Eweredigheid kan op twee maniere geskryf word:

- as twe gelyke breuke $\frac{4}{7} = \frac{8}{14}$ of
- op hierdie manier $4 : 7 = 8 : 14$

Wanneer twee verhoudings gelyk is, dan is die "kruisprodukte" van die verhoudings gelyk. Vir die eweredigheid van $a:b::c:d$ jy kan vermenigvuldig $a \times d = b \times c$, soos in hierdie voorbeeld:

$$\frac{4}{7} = \frac{8}{14} \text{ dus is } 4 \times 14 = 56 \text{ en } 7 \times 8 = 56$$

Voorbeeld: My gesin het 300 km teen 'n koers van 60 km per uur afgelê. Hoe lank het hulle gereis?

Die koers van "km per uur" gee die afstand wat per een tyd afgelê is.



Wat wil ons vasstel? Die tyd.

Ons kan 'n formule gebruik of met verhoudings en eweredigheid werk.

Gebruik "kruisprodukte".

Formule om tyd te bepaal:

$$\text{Tyd} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Koers}}$$

$$\text{Tyd} = \frac{300}{60} = 5 \text{ ure}$$

Om met verhoudings en eweredigheid te werk:

$$\frac{60 \text{ km}}{1 \text{ h}} = \frac{300 \text{ km}}{t}$$

$$60 \times t = 300 \times 1$$

$$60t = 300$$

$$\frac{60t}{60} = \frac{300}{60}$$

$$t = 5$$

1. Voltooi die tabel

| | Koers | Tyd | Afstand | Formule |
|----|------------|-----------------|-----------|---------|
| a. | 90 km/h | ? | 11 700 km | |
| b. | 50 km/h | 8 uur | ? | |
| c. | 120 km/h | ? | 61 200 km | |
| d. | 500 km/h | 2 uur 30 minute | ? | |
| e. | 1 000 km/h | ? | 20 000 m | |

2. 'n Motor ry 60 km binne 36 minute. Hoe ver sal dit teen dieselfde gemiddelde spoed binne 1 uur 12 minute ry?

3. 'n Trein wat teen 'n gemiddelde spoed van 100 km/h ry, lê 'n bepaalde afstand binne 3 uur 36 minute af. Teen watter gemiddelde spoed moet die trein ry om dieselfde afstand binne 2 uur 30 minute af te lê?


Probleemoplossing

Skryf 'n probleem deur 'n voorbeeld oor spoed, afstand en tyd uit jou alledaagse lewe te gebruik. Vra 'n familielid om jou daarmee te help.



Teken:


Datum:



Wat is direkte eweredigheid?

Direkte eweredigheid

Soos die een waarde verhoog (of verlaag), verhoog (of verlaag) die ander. Hoe dink jy sal dit op 'n grafiek lyk?



Terwyl jy besig is met hierdie werkblad, moet jy dink aan wat **aangekeerde eweredigheid** kan betekende. Ons bespreek dit op die volgende werkblad.




Los eweredigheidsprobleme met behulp van verskillende metodes op.

Voorbeeld: Die koste van 4 boeke is R150. Hoeveel kos 7 boeke dan?

| Metode 1: Eenheidsmetode - Bepaal die waarde van 1 ene en vermenigvuldig om die waarde van die verlangde aantal ene te bepaal | Metode 2: "Kruisvermenigvuldig" | Metode 3: Reël van drie Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig 3 ^{de} term met 2 ^{de} ; deel dan deur 1 ^{ste} term. |
|--|--|--|
| Boeke Rand 4 R150 1 $\frac{R150}{4} = R37,50$ 7 $7 \times R37,50 = R262,50$  | Boeke Rand 4 R150 7 x $4 : 150 :: 7 : x$ $(1^{\text{ste}} : 2^{\text{de}} :: 3^{\text{de}} : 4^{\text{de}})$ $4 \times x = 7 \times R150$ $(1^{\text{ste}} \times 4^{\text{de}} = 2^{\text{de}} \times 3^{\text{de}})$ $\frac{4}{7} = \frac{R150}{x}$ $\frac{4x}{4} = \frac{R1\,050}{4}$ $x = R262,50$ | Boeke Rand 4 R150 7 x $4 : 150 :: 7 : x$ $(1^{\text{ste}} : 2^{\text{de}} :: 3^{\text{de}} : 4^{\text{de}})$ $x = 7 \times R150 \div 4$ $(x = 3^{\text{de}} \times 2^{\text{de}} \div 1^{\text{ste}})$ $x = \frac{7 \times 150}{4}$ $x = R262,50$ |

Trek 'n grafiek.



Hoe toon hierdie grafiek direkte eweredigheid?



1. Gebruik die 3 metodes om hierdie probleem op te los en 'n grafiek te trek. 5 T-hemde kos R120. Hoeveel sal 9 T-hemde kos?

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

Trek 'n grafiek om dit te demonstreer.

Probleemoplossing

Waar sal jy direkte eweredigheid in jou alledaagse lewe gebruik? Demonstreer dit deur 'n grafiek daarvan te trek.






Omgekeerde eweredigheid

Omgekeerde eweredigheid

Soos een waarde toeneem, is daar 'n ooreenstemmende afname in die ander waarde.



1. Los die volgende op deur al die metodes te gebruik en trek 'n grafiek.


Voorbeeld: As 10 mense 4 dae lank aan 'n gat grawe, hoe lank sal 8 mans aan 'n gat grawe?

| Metode 1: Unitêr | Metode 2: Redenering | Metode 3: Reël van drie |
|--|---|--|
| Metode 1: Unitêr Bepaal die waarde van 1 ene en vermenigvuldig dit om die waarde van die verlangde aantal ene te kry. | Metode 2: Redenering Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig die 1 ^{ste} term met die 2 ^{de} term, en die 3 ^{de} term met die 4 ^{de} term. | Metode 3: Reël van drie Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig die 1 ^{ste} term met die 2 ^{de} term en deel dan deur die 3 ^{de} term. |
| Mans 10 neem 4 1 neem $10 \times 4 = 40$ 8 neem $= 5 \frac{40}{8}$ Dit sal 8 mans 5 dae lank neem om 'n gat te grawe. Let wel: Minder mense het meer tyd nodig.  | Mans 10 8 $10 : 8 = 4 : x$ $10 : 4 = 8 : x$ $(1^{\text{ste}} : 2^{\text{de}} = 3^{\text{de}} : 4^{\text{de}})$ $10 \times 4 = 8 \times x$ $(1^{\text{ste}} \times 2^{\text{de}} = 3^{\text{de}} \times 4^{\text{de}})$ $40 = 8x$ $\frac{8x}{8} = \frac{40}{8}$ $x = 5$ | Mans 10 8 $10 : 8 = 4 : x$ $(1^{\text{ste}} : 2^{\text{de}} = 3^{\text{de}} : 4^{\text{de}})$ $x = 10 \times 4 \div 8$ $(x = 1^{\text{ste}} \times 2^{\text{de}} \div 3^{\text{de}})$ $x = \frac{10 \times 4}{8}$ $x = 5$ |


- a. As 3 vroue 21 T-hemde per dag maak, hoe lank sal dit 12 vroue dan neem?

| Metode 1: | Metode 2: | Metode 3: |
|-----------|-----------|-----------|
| | | |

- b. Trek 'n grafiek.




- c. Hoe word omgekeerde eweredigheid op hierdie grafiek getoon?



Probleemoplossing

Waar sal jy omgekeerde eweredigheid in jou alledaagse lewe gebruik? Demonstreer dit op 'n grafiek.





Finansies – Begroting, lenings en rente

Kan jy nog onthou wat 'n **begroting** is?

'n **Begroting** is die raming van koste en inkomste oor 'n gespesifieerde tydperk.



Wat is **lenings** en **rente**?

'n **Lening** is die som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of maatskappy uitleen, met die doel om winste te maak sodra die geld terugbetaal word.

Rente is die fooi wat 'n uitlener vir 'n lener vra om die geleende geld te gebruik. Die rentekoers word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlike persentasie van die bedrag wat geleent word (die hoofsom).

Weet jy wat die verskil is tussen **enkelvoudige** en **saamgestelde** rente?

Rente kan op twee maniere bereken word:

- **Enkelvoudige rente**

Die formule vir enkelvoudige rente is soos volg:

$$\frac{\text{Hoofsom} \times \text{rentekoers (\%)} \times \text{aantal tydperke}}{100}$$

- **Saamgestelde rente**

Saamgestelde rente beteken dat die rente die rentebedrag wat op die rente bereken word, insluit.

- Die formule vir die berekening van die **totale toekomstige bedrag** verskuldig is:

$$\frac{\text{Hoofbedrag} \times (1 + \text{Rentekoers (\%)})^{\text{Aantal tydperke}}}{100}$$

Voorbeeld van saamgestelde rente

- 'n Bedrag van R100 word twee jaar lank belê teen rente van 10%, jaarliks saamgestel (toegevoeg).
- Die rente aan die einde van die eerste jaar is: $R100 \times 10\% = R10$.
- In die tweede jaar sal die rentekoers van 10% nie net op die R100 toegepas word nie, maar ook op die R10-rente van die eerste jaar.
- In die tweede jaar sal die rente dus $R110 \times 10\% = R11$ wees.
- Die totale rente wat oor die twee jaar verdien is, sal $R10$ (jaar 1) + $R11$ (jaar 2) = R21 wees.
- Die totale belegging ná twee jaar: $R100$ (hoofsom) + R21 (rente) = R121.
- Gebruik die formule: Totale toekomstige bedrag = $R100 (1 + 0,10)^2$
= $R100 (1,1)^2$
= $R100 (1,21)$
= R121

- Palesa moet R500 se rente verdien sodat sy genoeg het om 'n gebruikte fiets te koop. Sy plaas R2 000 in 'n rekening wat 5% enkelvoudige rente per jaar verdien. Hoe lank moet sy haar geld in die rekening hou voordat sy genoeg geld sal hê om die fiets te koop?

- Thabo het R500 wat hy belê in 'n rekening wat 8% rente, jaarliks saamgestel, betaal. Hoeveel geld gaan Thabo aan die einde van drie jaar hê?

- Susan het R1 000 wat sy belê in 'n rekening wat 8,5% rente, jaarliks saamgestel, betaal. Hoeveel geld gaan Susan aan die einde van vyf jaar hê?

- Jy het laasjaar R4 750 gespaar. Jy besluit dat dit die beste sal wees om die geld te belê. Jou plaaslike bank bied twee beleggingsopsies: Opsie 1: 'n Vaste deposito van vyf jaar met 3,25% enkelvoudige rente per jaar. Opsie 2: 'n Vaste deposito van vyf jaar met 3,10% saamgestelde rente per jaar. Watter vyfjaarbelegging sal die beste opsie wees?

Probleemoplossing

Gestel dat jy graag R100 000 binne ses-en-dertig maande wil hê, wanneer jy van plan is om by 'n universiteit in te skryf. Jy wil in 'n plan belê wat 3,5% rente per jaar, maandeliks saamgestel, oplewer. Hoeveel moet jy dan belê?



Teken:

Datum:



Finansies – Huurkoop

Kan jy nog die betekenis van **huurkoop** onthou?



Huurkoop is 'n stelsel waarvolgens 'n koper in gereelde paalemente vir 'n bate betaal, terwyl hy of sy die gebruik daarvan geniet.

Eienaarskap van die item gaan nie tydens die terugbetalingstydperk aan die koper oor nie. Sodra die lening ten volle terugbetaal is, word die titel aan die koper oorgedra.



Daar is baie organisasies wat huurkoop- of huurooreenkomste aangaan om oor 'n tydperk vir toerusting te betaal en dit dan te gebruik in plaas daarvan om die volle koste vooraf te betaal.

Die terugbetalingstydperk is gewoonlik dieselfde as die produksieleeftyd van die masjien. 'n Boer koop byvoorbeeld 'n trekker en betaal dit oor vyf jaar af. Ná vyf jaar moet hy tipies die trekker vervang.

1. Die huurkoopprys van 'n yskas is R6 500. 'n Deposito van R500 word gemaak, en die oorblywende bedrag word in gelyke maandelikse paalemente van R250 betaal.
 - a. Bereken die aantal maandelikse paalemente wat betaal moet word.
 - b. As die kontantprys R4 000 is, druk die ekstra koste om op huurkoop te koop, as 'n persentasie van die kontantprys uit.
 - c. Wat is die rentekoers (enkelvoudige rente) wat op hierdie transaksie gehef word?

2. 'n Nuwe TV kos R6 900 as dit kontant gekoop word. Dit is beskikbaar op huurkoop met 'n deposito van 15%, gevvolg deur 12 paaiemende van R558,50 elk. Bepaal die totale huurkoopprys en die ekstra bedrag (op die kontantprys) wat jy moet betaal omdat jy van huurkoop gebruik maak.

3. Die kontantprys van 'n fiets is R220. Die huurkoopprys is R300. As die deposito 10% is, gevvolg deur 10 gelyke maandelikse paaiemende, bepaal dan die bedrag wat jy elke maand moet betaal.

Probleemoplossing

'n DVD-speler kos R240 kontant. Dit is op huurkoop beskikbaar deur 'n deposito van 20% te betaal, gevvolg deur 12 paaiemende van R18,50. Bepaal die ekstra bedrag wat vir die huurkoop betaal moet word.

As jy R18,50 per maand spaar teen 12% rente per jaar, maandeliks saamgestel, hoe lank moet jy spaar om die DVD-speler kontant te koop? Hoeveel spaar jy dan?



Onthou dat die rente maandeliks saamgestel word. Trek 'n tabel om jou hiermee te help.



Finansies – Wisselkoerse

Weet jy wat wisselkoers beteken?



'n Wisselkoers is die heersende markprys waarteen een geldeenheid vir 'n ander geruil kan word.



Die **rand** (teken: R; kode: ZAR) is Suid-Afrika se geldeenheid.

In China gebruik mense deesdae **renminbi** as hul geld. In Chinees beteken renminbi "die mense se geld". 'n Ene van hierdie geldeenheid word die **yuan** genoem.

Die simbool vir die yuan lyk so: ¥ (kode: CNY)

Die **Kanadese dollar** (teken: \$; kode: CAD) is Kanada se geldeenheid.

Kwartaal 1

Gebruik die wisselkoers in die tabel om jou te help om die woordsomme op te los.
Wys jou bewerkinge in die ruimte wat voorsien word.

| | ZAR (R) | USD (\$) | GBP (£) | CAD (\$) | EUR (€) | AUD (\$) |
|-----|------------------|-----------------|----------------|-----------------|----------------|-----------------|
| ZAR | 1,00 | 6,76 | 11,06 | 6,89 | 9,88 | 7,17 |
| USD | 0,15 | 1,00 | 1,60 | 0,92 | 1,46 | 0,87 |
| GBP | 0,09 | 1,09 | 1,00 | 0,58 | 0,91 | 0,55 |
| CAD | 0,15 | 1,09 | 1,74 | 1,00 | 1,59 | 0,95 |
| EUR | 0,10 | 0,69 | 1,10 | 0,63 | 1,00 | 0,60 |
| AUD | 0,14 | 1,15 | 1,83 | 1,05 | 1,67 | 1,00 |

1. Suzanne wil graag 'n nuwe CD van Duitsland af bestel. Sy het R250 in haar spaarrekening. Die CD kos €5. Hoeveel geld sal sy in ZAR oorhê nadat sy die CD gekoop het?

As sy dieselfde CD vir \$7 van Kanada af bestel, vanwaar moet sy dit bestel as sy die beste prys daarvoor wil betaal, op voorwaarde dat die verskepingkoste dieselfde is?

2. Reinette woon in Worcester, Suid-Afrika. Haar oom woon in Sydney, Australië. Reinette het \$50 van haar oom vir haar verjaarsdag ontvang. Hoeveel Suid-Afrikaanse rand (ZAR) kan sy met haar verjaarsdaggeld koop?

3. Reinette gebruik die geld wat sy by haar oom gekry het om 'n nuwe rekenaarprogram van die Verenigde State van Amerika af te koop. Nadat sy die program gekoop het, het sy nog R150 oor. Hoeveel kos die program in VS dollar (\$)?

4. Reinette wil graag nog 'n program van Engeland af bestel. Die program kos £15. Sal Reinette nog genoeg geld hê om hierdie program te koop?

Probleemoplossing


Watter geldeenheid in die tabel het die hoogste gewaardeerde geldeenheid?





Finansies – Kommissie en huurgeld

Weet jy wat kommissie beteken?
Wat is huurgeld?



Kommissie is die fooi wat 'n makelaar of 'n agent vir sy of haar diens vra om 'n transaksie soos die koop of verkoop van goedere te faciliteer.

Huurgeld is die geld wat betaal word wanneer 'n item vir 'n spesifieke tydperk uitverhuur word.



Baie werknelmers ontvang salarisse op grond van die aantal ure wat hulle oor 'n bepaalde tydperk gewerk het plus kommissie



1. André bly in Johannesburg. Sy ouers beplan om vir 'n vakansie Kaapstad toe te gaan. Hulle besluit om Kaapstad toe te vlieg en daar 'n motor te huur. Die motorverhuringsmaatskappy vra R200 per dag (insluitend 200 km gratis) en R1,80 per km. Die versekering beloop 7,5% van die daaglikske huurbetrag en om 'n GPS te huur, kos 'n bykomende R45 per dag.

Wat sal die totale koste vir die motor huur beloop as hulle ses dae lank in Kaapstad deurbring en altesaam 1 650 km afle?

2. 'n Vragmotorverhuringsagentskap hef 'n daaglikske fooi plus 'n kilometerfooi. Julie moes R460 vir twee dae en 100 km betaal, terwyl Christina R1 050 vir drie dae en 400 km betaal het. Wat is die agentskap se daaglikske fooi en wat is die kilometerfooi?

3. Hertz vra 'n verwerkingsfooi van R115,00 en R210 per dag om 'n motor te verhuur. Avis Car Rental se verwerkingsfooi is R255,00 en hy vra R190 per dag om 'n motor te verhuur. Wanneer sal die koste van die twee maatskappye se huurgeld gelyk wees?


4. Tara is 'n verkoopsverteenwoordiger vir 'n kosmetiekmaatskappy. Sy word elke week R5,15 per uur betaal plus 'n kommissie van 10% op 'n verkoopsbedrag bo R5 000. Sy werk een week 40 uur en verkoop kosmetiek ter waarde van R7 260 vir daardie week. 'n Ander kosmetiekmaatskappy het haar 'n werk aangebied waar sy R5,00 per uur betaal sal word vir 'n veertiguur-werksweek plus 'n kommissie van 4% op haar totale verkope. Watter pos betaal meer? Moet sy van werk verander?

5. Twee meubelverkooppersone staan en vergelyk hul salarisse. Gert word R25,00 per uur betaal plus 'n kommissie van 15% op sy totale verkope. Ben ontvang R29,00 per uur plus kommissie van 10% op sy totale verkope. Gestel dat elkeen meubels ter waarde van R5 000 verkoop het. Vergelyk hul inkomste oor verskillende tydperke om te bepaal wanneer hulle dieselfde gaan verdien. Wat sal daarna gebeur? Wie het voor daardie tydstip meer verdien?

Probleemoplossing

'n Eiendomsagent ontvang kommissie van 6% op die verkoopsprys van 'n huis. As sy kommissie R8 650 was, wat was dan die verkoopsprys van die huis?





Eienskappe van getalle

Hersien: Gee 'n voorbeeld van elke eienskap. Skryf 'n formule vir elkeen neer.

Kommutatief

Assosiatief

Distributief

Nul as 'n eienskap van optelling

Een as 'n eienskap van vermenigvuldiging

- Gebruik die kommutatiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeeld:

$$a + b = b + a$$

$$a^2 + b^2 = b^2 + a^2$$

$$a \times b^2 = b^2 \times a$$

$$2a + b = b + 2a$$

$$2a \times 2b = 2b \times 2a$$

$$a \div b \neq b \div a$$

en

$$a - b \neq b - a$$

a. $y^2 + x = \boxed{x + y^2}$

b. $3x + y^2 = \boxed{}$

c. $3x^2 + 5y^2 = \boxed{}$

d. $2x + y = \boxed{}$

e. $5y + x^2 = \boxed{}$

Toets albei kante van die vergelyking in a. tot e. as $x = 2$ en $y = -3$.

f.

g.

h.

$$\begin{aligned} y^2 + x &\quad \text{en} \quad x + y^2 \\ = (-3)^2 + 2 &= 2 + (-3)^2 \\ = 9 + 2 &= 2 + 9 \\ = 11 &= 11 \end{aligned}$$

i.

j.

k.

l.

2. Gebruik die assosiatiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeeld:

- $(a + b) + c = a + (b + c)$
- $(a^2 + b^2) + c^2 = a^2 + (b^2 + c^2)$
- $(a \times b) \times c = a \times (b \times c)$
- $(a^2 \times b) \times c = a^2 \times (b \times c)$

Maar:

$$(a - b) - c \neq a - (b - c)$$

en

$$(a \div b) \div c \neq 1 \div (b \div c)$$

a. $(3m + n) + p^2 =$

b. $(n^2 + p^3) + 4m^2 =$

c. $(m \times p) \times n^3 =$

d. $(p^2 \times n^3) \times m^3 =$

e. $(n \times p^2) \times m^3 =$

Toets albei kante van die vergelykings in a. tot e. as $m = -4$ en $n = 6$.

f.

g.


h.

i.

j.



vervolg ↗



Eienskappe van getalle vervolg

3. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeeld: $a(b + c) = a \times b + a \times c$

$$a(b^2 + c^2) = a \times b^2 + a \times c^2$$

$$a(b - c) = a \times b - a \times c$$

$$a(b^2 - c^2) = a \times b^2 - a \times c^2$$

a. $(b^2 + c^3)d =$

b. $(d^2 \times b^3) + (d^2 \times c^3) =$

c. $d \times (c + b^2) =$

d. $c(b + d^2) =$

e. $(b^2 + d^2) \times c^3 =$

Toets nou beide kante van elke vergelyking in a. tot e.
as $b = 1$, $c = 3$ en $d = 4$ is.

f.

g.

h.

i.

j.

4. Gebruik die identiteitseienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

Voorbeeld:

$$a \underline{\quad} = a$$

$$a + 0 = a$$

$$a \times 1 = a$$

a. $b \underline{\quad}$ = b
of

b. $c^2 \underline{\quad}$ = c^2
of

c. $p^3 \underline{\quad}$ = p^3
of

$$b \underline{\quad} = b$$

$$c^2 \underline{\quad} = c^2$$

$$p^3 \underline{\quad} = p^3$$

d. $m^3p^2 \underline{\quad}$ = m^3p^2
of

e. $xx \underline{\quad}$ = x^2
of


$$m^3p^2 \underline{\quad} = m^3p^2$$

$$xx \underline{\quad} = x^2$$

Probleemoplossing

Gebruik a , b en c , asook die distributiewe eienskap om 'n vergelyking op te stel en los dit op deur gebruik te maak van die volgende: $a = 2$, $b = 3$, $c = -1$.





Optelling en aftrekking van breuke

Voordat jy met hierdie werkblad begin, moet jy seker maak jy weet wat die volgende beteken. Gee 'n voorbeeld van elkeen.

Faktore

GGD

Veelvoude

KGV

Onegte breuk na gemengde getal

